



## Gereformeerde kerk Pretoria(d)

[www.gkpretoria.org.za](http://www.gkpretoria.org.za) OF

[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp

0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: [kantoor@gkpretoria.org.za](mailto:kantoor@gkpretoria.org.za) Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar

012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

**03 Augustus 2014**

**EERSTE EREDIENS**—(9h00 )

**Skriflesing:** Obadja

**Teks:** Obadja :3-4,21

**Sing:** Ps. 118:1,10; Ps. 147:2; Ps. 68:13;  
Ps. 133:1,2

### **JOU HUIS TUSSEN DIE STERRE**

In Obadja het alles met die Edomiete, met die nageslag van Esau (Israel se broervolk) te make.

Wanneer Obadja die groot toekoms wil binnetree, daar word spesifiek oor Edom geprofeteer.

Ons laat die drie gedagtes tot ons spreek- 1. Hoe hoog was Edom uitgelig. 2. Hulle diepe vernedering. En dan in die laaste plek – 3. wat sê die Woord deur dit alles heen vir ons hier vandag.

**KATKISASIE**— Katkisasie gaan normaal voort

Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by <http://bit.ly/JQjBz4>

**TWEEDE EREDIENS** (ná katkisasie)

**Skriflesing:** Psalm 141; Lukas 11:1-13

**Kategismus:** Sondag 45

**Teks:** Psalm 141:2; Lukas 11:1

**Sing:** Ps.103:1,7; Ps. 86:3; Ps. 33:11

### **HERE, LEER ONS BID**

Hy, die biddende Jesus, sy lewe is 'n lewe van gebed. Sy hele lewe is 'n offer aan God, 'n offer wat bestaan uit gebede.

Jesus wys vir ons die noodsaaklikheid van die gebed. Jesus wys vir ons die vereistes vir die regte gebed. Jesus gee vir ons selfs die inhoud van die gebed.

### **VISITASIE**

Ons as gemeente sal DV op 14 Aug. 2014 visitasie ontvang. As enige lidmaat graag die visitatore wil ontmoet is u welkom om sodanige afspraak deur die skriba te reël. Die visitatore sal wees di. C Aucamp en H Stavast soos deur die klassis in Sept. 2013 ooreengekom.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tettol>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee.

Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/l2P9mzH>

#### **Predikant:**

Ds. Petrus Venter  
012- 3356130  
0847042348 (P) 0845119620(C)  
[pjventer@gkpretoria.org.za](mailto:pjventer@gkpretoria.org.za)  
9 de Laan 880  
Wonderboom-Suid  
[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

#### **Diensbeurt vandag Wyke 12 en 14(sluit in susters skinkbeurt)**

Ouderlinge: Boere Smit en Flip Minnaar

Diakens: Bernard Vorster

#### **Diensbeurt (10/08) (Wyke 16 en 17)**

Ouderlinge: Rudolf Bester en Frank Laubscher

Diakens: Abrie Möller en Adrianus Coertze

## DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

**Sr Henta Mulder** se moeder is verlede week oorlede. Die begrafnis was reeds die afgelope week. Ons bid vir haar en ds. Andries die troos van die Heilige Gees toe. **Br Johan Vosloo** word komende Maandag opgeneem vir 'n knie-ervanging. Ons gebed is dat die operasie in Eugene Marais geseënd mag wees. Hy het ook die afgelope week vinnige terugslag in gesondheid gehad maar ons is dankbaar dat hy spoedig daarvan kon herstel. **Br Willie Buys** se gesondheid is steeds nie goed nie. Ons vertron dat daar spoedig vir hom beterskap mag kom. Ons dink ook in ons gebede aan **sr Ansie Putter** wie se dogter in Amerika baie ernstig siek is. Mag die Here gee dat die behandeling mag slaag en daar vir haar genesing mag wees. **Sr Annelien de Ronde** wat aan haar hand geopereer is, bid ons volkome herstel toe. Ons dink ook aan **sr Beatrix Vermeulen** wat op 4 Aug. (môre) n groot operasie moet ondergaan. Mag dit geseënd wees en sy dan ook volkome herstel. Ons is die Here baie dankbaar vir die verbetering wat by **br Dries de Ridder** ingetree het. Mag die goeie hand van die Here wat hierdie ge nade bewerk dit ook bevestig en laat voortduur. Ons dink ook aan **sr Alta de Ridder** wie se rug baie probleme gee en dit moet oorweeg of n operasie sal kan plaasvind of nie. **Ds. Andries Mulder** wat swaar dae deurgaen bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan **sr Henta** wat hom moet bystaan. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

## BESKUITPROJEK

Graag spreek die susters verantwoordelik vir die beskuitprojek hulle dank uit vir die ruim skenkings wat wel toe ingekom het. Hulle is ook dankbaar vir almal wat help met die bakkery. Die projek is nou goed onderweg en behoort spoedig afgehandel te wees. Daar word nie verdere bestanddele benodig nie.

## KOLLEKTE

<b>Vandag: 1ste diens</b>	DVB	Zambië
<b>2de diens</b>	DVB	Instand-houding
<b>10/08/2014 1ste diens</b>	DVB	Thuso fonds
<b>2de diens</b>	DVB	Instand-houding

## DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
<b>4/08</b>	Art 48 Deputate verg
<b>14/08</b>	Kerkradsverg en visitasie (begin om 18h00)
<b>20/08</b>	Dii. Venter en Rossouw doen visitasie by Eloffsdal
<b>24/08</b>	Voorbereiding
<b>31/08</b>	Nagmaal en nabetragting
<b>01/09</b>	Ds. Venter langverlof begin

## PAUL KRUGER KINDERHUIS

### 75 jaar oud!

Die President Kruger kinderhuis is vanjaar 75 jaar oud. Daar word 'n heerlike kuier vir 15 Aug. 2014 beplan met vermaak verskaf deur die Con Gracia sanggroep. Dit vind plaas by die Hoërskool Oos-Moot. Kaartjies beloop R200-00. Dit sluit 'n ete in. Enige verdere navrae en aankope vir kaartjies kan of deur sr Retha v/d Merwe (0837520930) of sr Wilna v/d Merwe (0827764823) gedoen word.

## BEGRAAFPLAAS-HERSTEL

Die kerkrad het goedgekeur dat daar daadwerklik nou fondse bekom moet word om die begraafplaas van ons voorouers naby die Pienaarsrivier te herstel. Ons het die [projek](#) na al die nabygeleë gemeentes in Pretoria deurgee, maar die verwagting is dat ons as gemeente ons deel ook sal bydra om dit in ere te herstel. Besoek gerus ons [webblad](#) by <http://bit.ly/1q8Ag4h>

Al die inligting is daar beskikbaar en ook die wyse waarop geldelik bygedra kan word. Ons hoop dat ons as gemeente daadwerklik sal kan help om die plek van die eerste erediens in Pretoria en dan veral hierdie oudste grafte weer "heel te maak".

**DIE EVANGELIE: MATTHEÛS**

*Vervolg van verlede week*

**MATTHEÛS 19**

**19:17-19, en daar kom een** – Van Lukas verneem ons dat jy 'n owerste in die sinagoge was, al was hy nog jonk. Markus toon die jong man se Jesus, deurdat hy nader gehardloop het en voor Jesus gekniel het.

**onderhou die gebooië** – *Waar daar in 1942 in Engeland 'n waarskuwing teen materialisme uitgegaan het van die Konservatiewe Party, het Totius opgemerk dat daar in daardie tyd baie maal sulke oproepe was oor wetenskap, kultuur, sosiale geregtigheid, ens. Hy het dit verwelkom dat mense meer gerig raak om hulp te verleen. Kringe wat dit nooit genoem het nie, praat toe ook al van sosiale hervorming.*

[ Sestig jaar later weet ons duidelik waarheen hierdie sosiale gevoelens gelei het: Sosialisme, wat eerder mense aanmoedig om nie te werk nie, want hulle word onderhou . . . en ander uitwasse daaruit, soos misplaaste en vertrekte sienings van menseregte (sonder die om nodige pligte daarby na te kom!). ] *Wat baat dit – egter – dat jy die hele wêreld win, en aan jou siel skade ly” (Mat 16:26). Sulke hoë ideale kan aan mense se kinders gestel word, maar wat word van hulle grootmaak vir die “goeie stryd” van 2 Tim 4:7 ? Die Koninkryk word nie vanuit die aarde opgebou nie, maar kom uit die hemel. Dit moet eerste kom.*

*Jesus het die ryk jongman oor die hou van die Wet gewys op die belang van die tweede tafel, naamlik liefde tot die naaste. Dit vloei voort uit die eerste tafel wat gaan oor die liefde tot God. Jesus praat egter veral oor die tweede tafel, omdat die jongman se aardse goed vir hom eerste gestaan het. V 21: Gaan verkoop dit en gee dit aan die armes. Dit moes die begin van sy godsdienis wees. 19:20-22, bedroef weggegaan* – Die vraag wat Jesus in die lug laat hang, is aan ons almal gestel: Is ons bereid om alles prys te gee om die koninkryk in te gaan ? (Net soos die vraag of ons bereid is om hand, voet of oog prys te gee, Mat 18:8-9. Ons moet ons self daarvoor ondersoek.)

**19:23-24, 'n ryk man . . . in die Koninkryk** – Is dit 'n skande om ryk te wees ? Nee, God het immers stoflike voorspoed ook aan mense soos Abraham, Job, Dawid en Salomo gegee. Wat die mens daarvan maak, is van belang. Word dit iets wat jou toegang tot die Koninkryk belemmer ? Maak dit die persoon gevoelloos vir die nood van ander ? Deins hy terug as hy die HERE se volle deel moet afstaan ?

**19:28, wedergeboorte** – *Jesus praat nie net van wedergeboorte by mense nie, maar van die heelal. In 'n Verlose wêreld kom ons verlossing tot sy*

*volheid. Soos die mens voor die sondeval in 'n paradys gewoon het, sal dit op die nuwe aarde wees. Dit sal nie maar 'n aarde wees wat volgens humanistiese ideale beskaaf word nie, maar 'n aarde wat “vernuwing uit die wortel, algehele natuurverandering” ondergaan. Wie daaraan vashou, sal nie nou of in die ewigheid teleurgestel wees nie.*

*Satan het die hele wêreld ontredder deur die sondeval, maar God het die saad, die mensheid, behou (Gen 3:15), “en deur die mensheid Sy hele skepping. Al gaan daar ook duisende, miljoene verlore, die menslike geslag as sodanig, die saad, word in Christus behou (Ef 1:10; Gen 12:3; Openb 21:1).” Christus bring ons met 19:28 by die hoogste saligheid, die wêreldherstel. Ons moet vreugde hê, ter wille van God.*

*Hoewel baie verlore gaan, gooi dit nie God se Raadsplan omver nie. Ook die skepping sal vrygemaak word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God (Rom 8:21). Ons mag nie verflou in ons ywer nie en hierdie heerlike dag van God tegemoet gaan.*

*In 'n artikel oor dwalings, wys Totius daarop dat die Metodisme ook vir nou 'n wedergebore wêreld soek, waar alle mense aan deel het. Hulle hou nie met die uitverkiesing deur God (en die verwerping ook) rekening nie. So sal daar baie telurstelling kom. Dit is waarom die gesdriewers voortdurend met groot “revivals” kom, en telkens erg teleurgestel word as so vele weer afval uit hulle tyd -geloof.*

*Hoewel ons sien hoedat die skepping self ook deur die mensdom bouvallig geword het, moet ons aanhou herstelwerk doen “met alle middele tot ons beskikking, totdat die dag kom dat God self die aarde sal vernuwe.” Ons het 'n roeping om die aarde te regeer – nie te verwoes nie. Bewaar en gebruik met matigheid. Die Christendom is egter ook “geen wêreldverbeteraar in die gewone sin van die woord nie.” Teenoor die Humanistiese misplaaste optimisme om die wêreld te wil verbeter, is ons eerste taak om getuies te wees.*

*Hierdie woorde van Jesus kan ons ook voorhou aan die voorspoeds-godsdienste, soos Rema. Hulle hele geloof gaan om stoflike voorspoed. As jy nie kry waar jy om bid nie, is jou geloof te klein. In hulle ergste vorms glo hulle selfs mediese hulp behoort nie gebruik te word nie. Dit sou dan ook kleingeloof wees.*

*Ons verwagtinge moet gerig wees op die voleinding, waar ons veel meer sal geniet as die hoogste goed wat mens nou kan verkry.*

*Word vervolg*

**HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-**

*1 Aug. 1888– Oprigting Staatsdrukkery; 2 Aug. 1778– Eerw Erasmus Smit gebore; 3 Aug. 1853– Eerste Algemene Kerkvergadering op Potchefstroom; 3 Aug. 1863– Eerw Erasmus Smit oorlede; 4 Aug. 1688– Derde skip met die Franse Hugenote vertrek uit Nederland; 4 Aug. 1914– Uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog; 5 Aug. 1866– Ds. Dirk Postma bevestig as predikant van Burgersdorp; 5 Aug. 1939– Dr. HCM Fourie oorlede; 10 Aug. 1783– Louis Trichardt gebore; 13 Aug. 1901– Kalman Lion Cachet sneuvel tydens Tweede Vryheidsoorlog; 15 Aug. 1865– Louw Wepener sterwe; 18 Aug. 1665– Eerste voltydse predikant ds. Johan van Arkel kom in Kaapstad aan; 20 Aug. 1653– Eerste doopbediening aan die Kaap deur ds. J Backerus; 24 Aug. 1572– Bartholomeusnag; 25 Aug. 1688– Aankoms van die eerste Hugenote*

**BEROEPENUUS— op hede geen beroepenuus ontvang nie**

Ons het verneem dat ds. Jeltje Kits— emeritus-predikant van GK Carolina en GK Waterval-Boven op 29 Jul 2014 oorlede is. Sy geliefdes word die troos van die Heilige Gees toegebied.

**“PILAAR EN GRONDSLAG VAN DIE WAARHEID” (2) - P Niemeijer**

Vervolg van verlede week

**Die waarheid**

Die kerk word nie deur Paulus pilaar en grondslag van waarhede genoem nie, maar van die waarheid. Enkelvoud. Die waarheid. Daarmee bedoel Paulus ongetwyfeld die evangelie van Christus wat hy oral verkondig. Of, soos hy dit elders noem, die gesonde leer (1 Timoteus 1:10; 2Timoteus 4:3). Wéér enkelvoud! Dit is ook die geval in Romeine 12, waar Paulus skryf oor profesie na die maat van die geloof, en in Titus 1, waar hy sê dat opsieners moet vashou aan die betroubare woord "wat volgens die leer is". Wéér die enkelvoud! Dié enkelvoud is wesenlik vir die christelike leer. Die hele skrif word saamgevat in één naam: Christus. Van Hom getuig die wet en profete. Hom verkondig die apostels. Hy noem Homself "die waarheid". Oral gaan dit oor sy woorde, oor wat sy Gees in on hart werk, oor wat Hy beveel het. Hy staan persoonlik in vir die eenheid van God se Woord: dit bevat nie onverenigbare tradisiespore of botsende waarhede nie, maar net die een waarheid. Jy kan nie aan 'n deel torring sonder om aan die geheel skade te doen nie! Die apostel vat hierdie één waarheid kort saam in hoofstuk 2: daar is maar één God, één Middelaar tussen God en mense, die mens Christus Jesus wat Homself as losprys gegee het vir almal. En in hoofstuk 3 vat hy dit nog eens saam as hy op Christus wys as die inhoud van die waarheid, die groot geheim van ons godsaligheid, die misterie van ons geloof: Hy is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid.... *Vervolg*

**DIE KWARTELTJIE- 15 jaar!**

*Die Kwarteltjie* –ons as gemeente se kwartaallikse gemeentebled is vanjaar 15 jaar reeds aan die gang. Die volgende uitgawe wil graag op die afgelope 15 jaar fokus. As daar iemand is wat dalk oor hierdie 15 jaar die volledige stel uitgawes opgebou het en dit steeds besit sal ons graag van u hoor. In ons kerkkantoor is daar heelwat ontbrekende uitgawes wat ons nie meer die hand op kan lê nie. Ons sal graag in die voorbereiding van die volgende uitgawe ‘n terugkyk op die volle reeks wil bied. Dan vra ons soos altyd ook weer bydraes en artikels van u kant. Daarvoor kan u met die huidige redakteur br. Nandor Sarkady (0723655078) / [argief@nhk.co.za](mailto:argief@nhk.co.za) skakel.

Vandag – Adrianus Coertze 0824527070	05/08– Gerrit Riphagen 0833761960
Vandag – Beatrice de Beer 0824665560	06/08– Elzette Raath 0832948100
Vandag – Maria Grobler 0836560248	09/08– Alta de Ridder 0825307844
05/08– Louis Henning 0123217107	09/08– Hendrinie Huisman 0713607204
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer</i>

Baie geluk met u verjaarsdag

Ons weet gewoonlik nie dat ons genoeg het nie voor ons sien dat ons te veel het.  
En dit duur te lank om te sien – CJ Langenhoven